Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad

VIR DIEGENE GEWOOND AAN DIE BESTE
Jorrer
SE WYNE

# Die O. B.

VIR U VRIENDE
VIR U GASTE
EN VIR U
Jorrer
SE WYNE

VIERDE JAARGANG. WOENSDAG, 24 JANUARIE 1945. No. 9.

# Skandalige Uitbuiting Van Volk Deur Regering se Skepping

## WOEKERWINS OP GROENTEMARK

***Niks minder as 'n skandaal is vandag gaande op die groente- en vrugtemark van die groot stede nie. In sommige gevalle kry afgeleë boere nie eens die spoorvrag en ander koste gedek uit die opbrengs van hul produkte op die mark nie, terwyl daardie selfde produkte aan die verbruiker teen 'n onbetaalbare prys van die hand gesit word.***

***Om 'n voorbeeld te noem: Toe boere verlede week in Kaapstad vir 'n sak skorsies van 200 'n hoogste prys van 5s. 6d. gekry het, en ander teen 'n verlies verkoop het, het huisvroue daardie week soveel as 2d. vir EEN skorsie betaal. D.w.s. wat die boer op die mark lewer vir 5s. 6d. word aan die verbruiker gelewer vir £1-13-4.***

***In Johannesburg is die toestand nog erger. Volgens Die Vaderland het 'n persoon binne vyf minute die helfte van sy dag se salaris (hy verdien £30 per maand) spandeer om twee mango's, ses pruime, twee perskes, een pond druiwe, een waatlemoen en een spanspek te koop.***

Hierdie toestand is te wyte aan party-politieke wanbestuur en is totaal-en-al onnodig.

Volgens 'n segsman van die handel is die Sagtevrugteraad, en sy onbeholpe manier van optrede, verantwoordelik vir baie van hierdie ongerymdhede. Die boer word verplig om sy produkte aan die raad te lewer teen vasgestelde pryse.

Nou moet onthou word dat hierdie pryse op die ope mark betaal word. Eienaars van groentewinkels en venters betaal hierdie pryse. Hulle distribueer dit aan die publiek. Die gevolg is dat die publiek nog weer heelwat meer as dit moet betaal. Die verskil tussen die prys wat die boer kry en die prys wat die publiek moet betaal word skandelik groot.

> ***Die regering beweeg in die rigting van kapitalistiese monopolie-beheer; huidige omstandighede verteenwoordig die gulde tydperk vir die Schlesinger-tipe sakeman. Dit verteenwoordig gebrek vir die volk en ondergang vir die selfstandige kleinboer en -sakeman.***

In die geval van druiwe b.v. ontvang die boer vir 'n honderd pondkissie (standaard) ongeveer 2/- min 2d. huur vir die kissie. In die week eindigende 20 Januarie het die Sagtevrugteraad hierdie kissies druiwe verkoop op die ope mark teen tot 13/6 per kissie. Die boer kry maar 1/10 per kissie, en die verbruikers-publiek moet tot oor hul ore betaal om 'n korreltjie druiwe in hul mond te kan steek.

### Raad se Wins

Ons noem nog 'n voorbeeld: Vir 'n kissie eerstegraad-perskes ontvang die boer ongeveer 2/5. Gedurende Desembermaand het die Sagtevrugteraad op die ope mark hierdie kissies verkoop teen gemiddeld ongeveer 6/9 en teen hoogstens 10/-. Dit beteken ongeveer 3½d. per perske, waarvan die boer maar bietjie meer as 'n pennie kry.

Om alles te kroon is die heersende distribusiestelsel waarvolgens groente en vrugte die publiek bereik, wild en planloos en is die distribusiekoste dientengevolge ver hoër as wat dit behoort te wees. As daar sentrale groente- en vrugte-dépôts bestaan, waar huisvroue gereeld vrugte en groente kan koop en gereelde bestellings kan plaas, sal die distribusiekoste met die helfte verminder kan word.

### Groente Moet Help

Om terug te kom tot die vrugte. As die kleinhandelaar in vrugte en groente 3½d. vir 'n perske moet betaal, dan lê dit voor die hand dat hy maar 'n geringe wins daarop kan maak, want hy kan dit meestens teen 4d. of 4½d. aanbied. As hy meer daarvoor vra, sal die publiek eenvoudig nie in staat wees om dit te koop nie. Gevolglik, wat hy op vrugte kortskiet, moet hy op iets anders byhaal. En die iets anders is gewoonlik groente.

Die Sagtevrugteraad kan dus verantwoordelik gehou word vir sowel die uitermate hoë pryse van vrugte as van groente.

Soos sake tans staan, word nòg die boer, nòg die verbruiker, nòg die selfstandige handelaar bevoordeel. Almal gaan gebuk onder die wanbestuur van die regering. Temidde van oorvloed ly die volk honger; temidde van die groot aanvraag moet die boer tevrede wees met onekonomiese pryse; en temidde van die behoefte aan sy dienste staan die distribusiehandel magteloos.

**Die regering beweeg in die rigting van kapitalistiese monopolie-beheer. Huidige omstandighede verteenwoordig die gulde tydperk vir die Schlesinger-tipe sakeman. Dit verteenwoordig gebrek vir die volk, en ondergang vir die selfstandige kleinboer en -sakeman.**

Die tyd is beslis ryp dat die boer op die platteland, die verbruiker in die stad, en die selfstandige handelaar ,wat 'n behoefte in die samelewing te vervul en 'n diens te lewer

Vervolg in kol. 4.

# S.A. se Verliese

Volgens inligting wat deur Churchill in die Britse Laerhuis verstrek is, het Suid-Afrika gedurende hierdie oorlog al meer lewens op die slagveld vir Groot-Brittanje ten offer gebring as wat Engeland in sy driejarige veroweringsoorlog teen die Boere-Republieke geneem het. Totsover het reeds 5,783 Suid-Afrikaners in belang van Britse wêreldheerskappy gesneuwel, vergeleke met 3,990 in die Engelse oorlog.

**Altesame het Suid-Afrika tot November 1944 reeds 28,943 soldate verloor. Die Britse Ryk as geheel het reeds 1,043,551 ongevalle gely, waarvan 199,497 gesneuwel of aan wonde oorlede.**

## VIR GEÏNTERNEERDES SE KINDERS

Hoofkomdt. J. Hurter berig dat sersant H. Gerber en gesin, en sy offisiere van Die Eiland, George, die som van £3 gegee en gekollekteer het vir Kersfees-geskenke vir die kinders van geïnterneerdes.

Vervolg van kol. 3.

het, moet saamstaan. Hulle belange is een en hul bedreiging is gemeenskaplik.

Vandag word alle mag sorgvuldig uit hulle hande gehou. Die meeste wat hulle toegelaat word om te doen is om rapport te maak oor wantoestande wat nooit verwyder word nie. Ander belange en geesgenote van kapitalistiese monopolisme, is die kontroleurs en die beheerders en die wanbestuurders van die volk se ekonomiese belange.



# Kanse Bereken Van Partye

**In 'n reeks hoofartikels bespreek Die Vaderland die kanse van die twee hoofpartye by 'n aanstaande verkiesing. Van die Smuts-party verklaar hy dat hulle hoogstens nog een verkiesing kan wen en dan ook maar net as dit betyds en in die regte omstandighede plaasvind om dit as 'n kakie-verkiesing te voer.**

Hy behandel dan die moontlikhede van die opposisie-party wat normaalweg as die alternatiewe regering beskou word. Sy bevinding is egter dat die H.N.P.-leiding se optrede dit onmoontlik maak vir hierdie party om aan bewind te kom, tensy hy radikaal van beleid verander.

Eerstens geniet hulle die steun van byna geen Engelssprekende nie, tweedens ontbeer hulle die steun van die aansienlike aantal Afrikaners wat die regering en die oorlogspolitiek steun — minstens 25 persent van die Afrikaanssprekendes — en derdens het die ontbinding onder die oorblywende 75 persent Afrikaanssprekendes nou min of meer blywend geword en sonder dat daar wending kom, het die Herenigde Party min grond om staat te maak op steun van die ewe-eens aansienlike getal ondersteuners van die Ossewabrandwag, die Afrikanerparty en die Nuwe Orde, baie van wie met die vorige verkiesing wel vir die Herenigde Party-kandidate gestem het.

word: **Die H.N.P. is op pad na oorwinning op sy eie . . . Nieteenstaande die lamlendige ongeloof of poging tot ondermyning van teenstanders, insluitende Die Vaderland, wat sogenaamd ,nasionaalgesind' is, maar wat alweer probeer voorberei vir allerhande soorte samesmeltings, sal die H.N.P. alleen die regering verower".**

Die algemene verkiesings van 18 maande gelede en die tussenverkiesing in Germiston-distrik 4 maande gelede, waar die H.N.P. met 600 stemme agteruitgeboer het binne 12 maande, het die blad blykbaar nog nie wyser gestem nie.

# Op Genl. Smuts se Liddoring

Die verslag van die gesondheidskomitee van 'n paar maande gelede, waarin 'n radikale omvorming van ons gesondheidsdienste aanbeveel word, het verlede week dringende naklank gevird toe 'n vergadering in die Kaapstadse stadsaal geëis het dat die aanbevelings uitgevoer moet word. Die vergadering is gelei en toegespreek deur 'n paar parlementslede van die Regeringsparty en 'n lid van die Gesondheidskommissie, dr. F. R. Luke.

Hulle het hard getrap op genl. Smuts se liddorings omdat hy die verslag met die ou afgesaagde partypolitieke gesegde van ,,die tyd is nog nie ryp nie'' van die hand wou wys. Die Cape Argus het in 'n hoofartikel die kop en die kloutjie bymekaar probeer bring deur te beduie dat genl. Smuts baie dankbaar sal wees as hierdie mense die saak warm wil hou

# Brief aan Jode Wek Opskudding

Die regeringspers en ander politieke blaaie was die afgelope week in beroering oor 'n brief wat die advertensiebestuurder van die Nasionale Pers in Port Elizabeth aan Joodse besighede sou gestuur het. Hulle vind dit strydig met die anti-Joodse beleid wat deur sommige H.N.P.-leiers verkondig word en verklaar dat beginsels hier verkoop word teen 5/6 per duim.

Die gewraakte brief sou as volg lui:

,,Waarde Heer,

,,Die Papierkontroleur het goedgunstiglik toegestem dat ons die onlangse toegewing van vyftien persent vermeerdering in papierverbruik kan gebruik om ons blad groter te maak. Dit stel ons in staat om 'n beperkte hoeveelheid ekstra ruimte aan advertensies af te staan. Hierdie voorreg wil ons graag tot die beskikking van daardie adverteerders stel wat ons kolomme in die verlede gebruik het.

,,Met die oog hierop nooi ons u vriendelik uit om u kontak met die Afrikaanssprekendes van Port Elizabeth en dwarsdeur die Oostelike Provinsie, Middellande en Grensgebiede te hernu deur middel van ,,Die Oosterlig''.

**,,Wyslik''**

,,Noudat die oorlog ten einde loop en groter voorrade die land binnekom, sal kompetisie sterker word en sakemanne sal wyslik handel om nou te begin met die daarstelling van daardie goedgesindheid wat so belangrik

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MÔREMARK (Posbus 7185) NEWTON

DEFTIGE SOMERSHOEDE
in groot verskeidenheid
by
Steyns
Parow se Moderne
DAMESMODISTE
Voortrekkerweg — PAROW

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*Hou Koers Na*
Pro Ecclesia-Drukkery
(Edms.) Bpk.
Drukkers, Uitgewers en Boekbinders
*Die Laan, Stellenbosch.*

# WAT DAAR GEDOEN EN GESÊ WORD

,,Daar moet dus heelwat water in die see loop voordat die Herenigde Party-opposisie met die geringste vooruitsig van 'n oorwinning na die stembus kan gaan'', verklaar die blad.

**Harde Kop**

Voortgaande word verklaar dat die H.N.P.-leiding nie bereid was om toegewings teenoor die ander nasionaalgesindes te maak nie, omdat hulle staat maak op die keer van die oorlogsgety en hul beroep dat hulle die enigste groep is wat die regering kan lig. Hiermee, meen die blad, veronderstel hulle soveel dat dit nie ver kortskiet by uittarting van die politieke noodlot nie. ,,In die eerste plek stel hulle geweldige hoë eise aan wat hulle noem die ,afwykendes' onder die nasionaalgesindes. Hulle vereis dat laasgenoemde niks minder nie dan politieke verraad moet pleeg as prys vir eenheid met hulle; dat hulle hul eie politieke organisasies en vriende in die steek moet laat ten einde eenheid met die Herenigde Party te vind. Hulle vergeet dat dit dikwels die beste staatmakers is wat weier om so'n prys te betaal, veral as dit so hardhoofdig geëis word, en hulle houding mag hierdie mense so verbitter dat hulle steun vergoed verbeur word''.

Ten slotte verklaar die blad dat as die H.N.P.-leiding verstandig wil wees, hulle sal begin deur konsolidering van die nasionaalgesindes op so'n manier dat dit vir almal met behoud van eer kan geskied, en waarsku hy ook teen die moontlikheid dat die oorlogskombinasie nog voor 'n verkiesing uiteen kan val met die stigting van 'n hele aantal groepe en partye, as gevolg waarvan ondersteuners van die regering nie noodwendig na die H.N.P. sal gaan nie, maar hul eie kombinasies mag vorm.

**Alleen**

Op hierdie artikel het Die Transvaler, H.N.P.-orgaan in Transvaal, geantwoord met die volgende:

,,Laat dit nou eenmaal verstaan

omdat dit dan kan bydra om die tyd ryp te maak!

In sy toespraak het dr. Luke onder meer verklaar dat die regering maar net lapmiddels wil aanwend en gate toestop. **Hy sal sy hande vol hê om toe te stop — 'n tekort van 13,000 beddens vir teringpasiënte, byna 2000 beddens te min vir swaksinniges en geen tandheelkundige versorging vir die groot massa armes nie,** om maar 'n paar te noem.

**Min Verskil**

In antwoord op genl. Smuts se beswaar dat die aanbevelings in verband met die finansiering van 'n gesondheidsplan tot ernstige moeilikhede sal lei, het dr. Luke gesê dat daar op die oomblik jaarliks £14,000,000 deur die regering, die provinsies, plaaslike owerhede en liefdadigheidsorganisasies tot die land se gesondheidsdiens bygedra word. Die aanvanklike koste van 'n nasionale gesondheidsdiens word gestel op £14,500,000. Dit sal beteken dat die skatkis £1,317,000 meer sal moet bestee as tans. Teen 1955, so is bereken, sal die koste van die skema tot £20,000,000 styg — slegs £6,000,000 meer as wat tans bestee word vir 'n toevallige, ondoeltreffende, verkwistende en ongeorganiseerde veelvuldigheid van dienste wat nie nagenoeg voorsien in die behoeftes van die volk nie.

is vir elke progressiewe besigheid.

,,Die ou gevestigde en beproefde metode van u verkoopsboodskap te versprei in gedrukte vorm deur medium van die pers bly nog maar die mees ekonomiese en doeltreffendste en ,,Die Oosterlig'' is die blad wat u boodskap sal bring in die huise en tot die harte van die Afrikaanssprekende deel van die bevolking.

,,Vyf jaar van oorlog het baie veranderinge in die wêreld gebring en selfs in Suid-Afrika het dinge gebeur wat die twee seksies van die blanke bevolking nader aanmekaar bring as ooit tevore. Met die uitsondering van 'n klein groepie agitators aan albei kante wat aanhou om die vlam van die ou rassehaat brandende te hou, het rassehaat totaal verdwyn en die enigste meningsverskil op die oomblik is die toepassing van ekonomiese idees en nie soseer ideologieë nie.

,,Vriendskaplike besigheidsverhoudings stimuleer onderlinge agting en goedgesindheid en dit is in hierdie gees wat ons hierdie uitnodiging aan u rig.

,,Ons weet ons kan op u samewerking staatmaak, vandaar dat ons met werklike plesier uitsien na 'n beter verstandhouding in die toekoms''.

Die voorval het iemand die opmerking laat ontval dat ,,Die Oosterlig'' nou verander moet word na ,,Oosterling''.

## BOEREDOGTERS BYEEN OP KOSTER

'n Sametrekking van Boeredogters uit twee veldkornetskappe van die kommando J.F.6 het op 23 Desember 1944 op 'n plaas naby Koster, onder leiding van Jeugkomdte. M. de Groot plaasgevind.

Die opkoms was pragtig. Drie ossewaens belaai met kinders verdien vermelding.

Die dag se bedrywigheid het ingesluit: vlagparade, sang, die neem van die saluut, wagstaan en volkspele. 'n Strykorkes met trekklavier het die geselligheid verhoog.

Die plaaslike predikant het 'n Skrifoordenking oor Kersfees waargeneem.

Die hoogtepunt van die dag was bereik met die besoek van die Jeugleier, genl. Dirk van Rooy. Die jeug het die generaal met 'n erewag ontvang en hom ,,Hou Koers'' toegesing.

In sy kernagtige toespraak, waarin hy o.a. ook hulde gebring het aan die K.G., het hy as boodskap vir die jeug meegegee die leuse: Wees Getrou.

Ouers en kinders is met groot tevredenheid huis-toe, wetende dat die toekoms van hulle kinders in die regte hande berus.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

diens

EEUFEESPOSKAARTE
1/6
Per Dosyn

SLEUTELKETTINGS
1/6
Posgeld 2d.

FAKKELLOOPPENNINGS
Egte Silwer 30/-
Posgeld 4d.

EEUFEESMEDALJES
9d
Posgeld 2d.

DAMES MANS EN SEUNS UITRUSTERS EN SNYERS
UNIEWINKELS
(KOOPERATIEF) BEPERK
Geregistreer onder Wet Nr. 29 van 1939
Kerkstraat 275 PRETORIA
TAKKE:
Johannesburg
Vereeniging
Benoni
Kaapstad.

DIE O.B., WOENSDAG, 24 JANUARIE 1945.

# JAARLIKSE WOORDEVLOED

Die parlement het verlede week weer begin sit en voortaan sal die volk maandelank oorstroom word met 'n dik smeersel party-propaganda in die vorm van voorgestelde wetgewing en kritiek op voorgestelde wetgewing. Dat die oorgrote meerderheid hiervan nooit verder as die voorgestelde stadium sal kom nie, bewys al die vorige sittings van die hoogwaardige parlement. Na 'n halwe jaar se woorddrukte verlede jaar kon Die Burger in 'n oorsig van die parlementêre werksaamhede as volg aankondig:

**„Iets meer as vyftig stukke of stukkies wetgewing is afgehandel. Daaronder is die oes van volksorgmaatreëls uitermate skraal. Die vernaamste besteding wat ‚maatskaplike uitgawe' kan heet, behels verpligtings wat regstreeks uit die oorlog voortkom''.**

Ses maande lank is die volk onder die indruk gebring dat daar tot swoegens toe deur hul verteenwoordigers in Kaapstad gearbei word aan die menigvuldige vraagstukke van die dag en moontlikhede vir die toekoms. **Na 'n halwe jaar kon slegs maar vyftig brokkies wetgewing aangekondig word en daarvoor, so het ons indertyd geskryf, is nagenoeg vyf miljoen woorde gebruik.**

En wat het van die ,,iets meer as vyftig stukke of stukkies wetgewing'' na afloop van die sitting geword? Net daardie deel wat meer geld van die publiek geëis het in die vorm van belastingwetgewing, is tot op 'n stuiwer toe uitgevoer; dit het elke burger ten pynlikste ondervind. In sy uitgawe van 17 deser spreek Die Burger die volgende veroordeling uit oor die parlementêre prestasies van 'n jaar gelede:

**„Noudat die lug vol is van beskouings oor die wetgewing wat die Regering tydens die aanstaande parlementsitting wil indien, is dit nie onvanpas om navraag te doen oor enkele van die wette wat verlede jaar met soveel basuingeskal aangeneem is nie. 'n Mens dink by voorbeeld aan min. Lawrence se roemrugtige Woningswet, wat hom in staat moes stel om die ‚baie ernstige' behuisingsposisie ‚as 'n nasionale saak' aan te pak. ONS HET DIE WET, MAAR WAAR IS DIE HUISE?''**

## STOEIWEDSTRYD

En so kan ons een vir een van die „stukke of stukkies wetgewing'' van verlede sitting neem en agter elkeen sal die refrein herhaal kan word: ons het die wet, maar waar is die goedere?

**Hierdie toestand is moontlik omdat die parlement nie meer 'n wetgewende raad is nie — iets wat hy weens die tegniese ingewikkeldheid van die moderne lewe nie meer KAN wees nie — dog slegs nog 'n arena waar die politieke partye jaarliks hul kragte teen mekaar kom meet ten aanskoue van die kieserspubliek; so'n soort stoeiwedstryd waarvan die uitslag vooraf deur die promotors gereël is sonder medewete van die weddende en gierende toeskouers.**

Want bestaan daar dan nie so'n parlementêre stoeireël dat as een van die regeringslede 'n bietjie vakansie moet gaan hou, hy eers ,,afpaar'' met 'n opposisie-lid wat dan belet word om te stem solank sy paringmaat afwesig is nie? Hierdie maatreël moet dien om te verhoed dat 'n regering onverwags deur afwesigheid van sy lede 'n nederlaag toegedien kan word.

Nee, die parlementsitting is 'n heerlike politieke spel wat jaarliks afleiding besorg aan die 150 parlementslede wat met soveel drukte en beroering elke vyf jaar gekies word om die land te gaan regeer.

# EENHEIDSBASIS

**Die O.B. het verlede week 'n artikel van die hand van genl. J. A. Smith gepubliseer, waarin hy pleit vir groter samewerking tussen die H.N.P., die Ossewabrandwag en ander nasionale organisasies met die oog op die skepping van 'n volksfront. Hy het verwys na die konsep-staatsvorm wat in 1941 deur al die organisasies wat in die Eenheidskomitee verteenwoordig was, aanvaar is met die oog op eenheidsleiding. Hierdie konsep het dus gedien as 'n gemeenskaplike basis vir samewerking en uitbouing ten aansien van die vorm en inhoud van die Republiek. Inderdaad het Die Burger in sy hoofartikel van 23 Januarie 1942 self verklaar dat dr. Malan ,,die skema in sy hoofbeginsels en in wye omtrek aanvaar''. Dit het ook die Ossewabrandwag gedoen, en hy doen dit vandag nog.**

**As dit dan so is, waarom moet daar tot skade van die volk getwis word vandag oor die behoud van die parlementêre stelsel wanneer die Ossewabrandwag as doelstelling vir so'n samewerking stel die vernietiging van die Britse konneksie en Britse parlementêre stelsel? Die Federale Raad van die H.N.P. self het immers in sy verklaring oor toekomsbeleid in 1941 hom as volg uitgelaat oor hierdie stelsel:**

> **„Wat ook al ten gunste van die Britse parlementêre stelsel in ander dele van die wêreld gesê mag word, is dit, uit die volksoogpunt beskou, in Suid-Afrika in ieder geval 'n mislukking gewees''. (Bls. 4). En dr. Malan het hieraan toegevoeg dat hy „geen beswaar het dat dit weggeveeg word nie''. (Bls. 15).**

**„Die konsep-staatsvorm van die Eenheidskomitee was juis 'n poging om dit weg te veeg. Wat staan dan in die pad van samewerking van alle Afrikaners teen die Empire en sy instellings''?**

# Ogies in die Nuus

Verlede week het die Administrateurs van die vier provinsies in Kaapstad met die regering beraadslaag oor die geldelike verhouding tussen die sentrale regering en die provinsies. Terselfdertyd is 'n vergadering in die Kaapstadse stadsaal gehou oor volksgesondheid waarby een van die sprekers hom as volg uitgelaat het:

,,Indien die provinsies in die pad staan van 'n verenigde, landswye, georganiseerde, doeltreffende gesondheidsdiens, in hemelsnaam laat hulle vaar!''

Lesers sal onthou dat die regering as verskoning waarom hy nie so'n gesondheidsdiens kan goedkeur nie, aangevoer het dat die tyd daarvoor nog nie ryp is, daar die provinsiale stelsel met sy verdeelde beheer oor gesondheidsdienste so'n plan onuitvoerbaar maak.

## NADER NA WIE?

Uit Washington word berig dat Pan-American Airways, in hulle getuienis voor die Amerikaanse Burgerlike Lugvaartraad, wat die moontlikhede van na-oorlogse burgerlike lugvaart ondersoek, gegewens verstrek het oor 'n lugdiens tussen New York en Johannesburg. So'n gereelde diens kan onderneem word met passasiersvliegtuie, wat elkeen 59 sitplekke sal bevat; en die afstand tussen New York en Johannesburg kan in 34 uur afgelê word.

New York kom al nader na Suid-Afrika namate Londen onder die stof van V-bomme verdwyn.

## LIBERALISME DOOD

Die aftredende Hoë Kommissaris vir Indië in die Unie het volgens die dagbladpers by sy afskeid verklaar dat hy ,,die mening toegedaan is dat die groot bydrae van die negentiende-eeuse Kaapse liberalisme skynbaar aan die uitsterf is. Daar is liberaliste, mense soos mnr. J. H. Hofmeyr, Minister van Finansies, wat skitterende werk gedoen het, maar dit wil voorkom asof liberalisme nie meer 'n krag in die vorming van 'n beleid vir die nie-blanke is nie''. Die Afrikanerstandpunt t.o.v. die nie-blanke behels segregasie en nie gelykstelling nie.

## DIE JOODSE DOOD

Een van die twee Jode — lede van die Joodse Stern-bende — wat beskuldig staan van die moord op lord Moyne, het in die hof verklaar: ,,Ons organisasie raak altyd ontslae van persone wat hulle met ons planne bemoei''.

# WIL 1½ MILJ. BRITTE NA S.A. STUUR

Volgens 'n berig in die pers verlede week is daar 'n Britse emigrasie-plan aan die konferensie van Eerste Ministers onlangs in Londen voorgelê waarvolgens 5,000,000 Britte na die verskilende dele van die Britse Ryk uitgevoer sal word na die oorlog.

**Die plan maak voorsiening vir die uitstuur van 'n miljoen Britte na Suid-Afrika en 500,000 na Rhodesië.** Kanada en Nu-Seeland sal elk ook opgesaal word met miljoen emigrante en Australië met anderhalf miljoen.

Toe die plan in een van die Britse stede onder bespreking gekom het, het 'n stadsraadslid as beweegrede aangevoer dat ondanks alle beplanning daar ná die oorlog nog baie duisende Britse kinders in agterbuurtes vir die res van hul lewe sal moet woon en dat daar weens gebrek aan grond geen sprake kan wees van nuwe dorpe in Brittanje self nie. Woonplek vir hierdie mense sal in die dominiums en kolonies van die Britse Ryk gevind moet word.

# HOE PARLEMENT TYD VERDRYF

**Nou dat die parlement weer soos 'n snorkende seekoei in beweging gekom het, is dit miskien interessant om 'n kort aanhaling te neem uit wat een van die party-koerante verlede jaar oor die sitting gesê het, ten einde onnodige verwagtings by die kieserspubliek te demp. In sy uitgawe van 8 Junie 1944 het Die Burger as volg geskryf:**

,,Die afgelope sitting na die algemene verkiesing is vooraf geloof as die sitting van bestaansbeveiliging **Onderstaande oënskou van die vernaamste wetgewing dui daarop dat dit met teleurgestelde verwagtings geëindig het . . .**

**...,,Hoewel die wetgewende program alles behalwe monumentaal was, het die sitting tog buitengewoon lank geduur. Om dit te verklaar sal verskeie faktore genoem moet word:**

## Oorsake van Min Dade

,,(1) Die werklus en besliste en eendragtige optrede van die Opposisie......

,,(2) Die aanwesigheid van 'n groot aantal nuwe lede met aanspraak op soveel kanse moontlik.

,,(3) Die afwesigheid van veldm. Smuts op die hele latere stadiums en die onvermoë van party van die ministers om so op te tree dat hulle die besprekings nie verleng nie......

**„Verreweg die meeste tyd is in beslag geneem deur begrotingsmaatreëls, waarop die Opposisie amendemente ingedien het om beleidsbepalings buite twyfel te stel''.**

## Paar Opmerkings

Hierdie paar redes wat deur die blad genoem word vir 'n langdradige, gevolgelose sitting, verg 'n paar opmerkings ter verduideliking.

Die werklus van die opposisie: Dit voorspel hierdie jaar geen korter sitting en groter resultate nie, want te oordeel na die opposisie-blaaie voel hulle nie minder strydlustig as verlede jaar nie. **Hoe sterker 'n opposisie hoe swakker 'n regering en hoe minder word iets vir die land gedoen.**

Die aanwesigheid van 'n groot aantal nuwe lede: 'n Mens se **spraaksaamheid groei steeds net soos sy „aanspraak op soveel kanse as moontlik''. Ook in hierdie opsig kan ons dus nie verwag dat daar getap sal word aan die vyf miljoen woorde van verlede jaar nie.**

Die onvermoë van party van die ministers: Dit is nog maar dieselfde ou groepie onbekwames en hulle het intussen seker nog nie die kuns aangeleer om so op te tree dat hulle die besprekings nie verleng nie. **Het hulle maar liewer probeer leer om so op te tree dat die land in plaas van woorde dade kon kry!**

## Prapaganda

Opposisie-amendemente ,,om beleidsbepalings buite twyfel te stel''. Dit beteken om amendemente oral waar moontlik voor te stel ten einde **aan die kieserspubliek die verskille in beleid tussen die regering en opposisie te toon, m.a.w. propaganda te maak vir die eie party, net soos die regering op sy beurt weer met al sy wetgewing propaganda wil maak vir sy eie party.**

> **En hier lê die grootste tyd- en daadverdrywing. Elke party neem die tyd van die parlement in beslag om vir homself propaganda te maak. En hoe meer die land agteruitgaan en hoe meer die volk gebrek ly, hoe meer kans is daar om te raas teen mekaar en propaganda te maak met die oog op die volgende verkiesing.**

**DIT IS PARLEMENTERE REGERING — SUID-AFRIKA SE LIEFLINGSPORT!**

# EENHEID OP TOEKOMSGRONDSLAG

**— Prof. L. J. du Plessis, beleidshoof van die Ossewabrandwag, skryf as volg in Die Vaderland: —**

Seker voel ons almal dat die Staat en samelewing van die toekoms iets anders moet wees as dié van die verlede as dit die moeite werd wil wees.

Tog is dit nie iets wat in die lug sweef nie, iets waaroor elkeen maar sy eie opinie kan hê volgens sy eie belang, sodat ons mekaar se opinies dan weer met groot woorde kan bombardeer terwille van ons eie opvatting en eie belang nie.

Die toekoms ,hoewel nuut, het 'n vastigheid wat geanker is in die verlede, in die ontwikkelingsgang van die geskiedenis en in die aard van die saak volgens die gegewe omstandighede.

En dit skyn asof daar in ons land 'n nuwe gees begin ontwikkel wat wil afsien van die vrugtelose kleitrappery van die jongste verlede en bereid is om te soek na die gemeenskaplike vastigheid wat ons toekoms moet bepaal.

Hierdie bereidwilligheid kan alleen versterk word deur die lesse van die geskiedenis soos nou in die groot wêreldgebeure onontwykbaar by elkeen van ons tuigebring.

Ons sien tog voor ons oë hoe die lot van klein nasies, en van alle partyskappe en seksies in hulle gesaamlik, bepaal word deur die woeling van die groot moondhede, en hoe hulle woeling weer gerig word deur die onweerstaanbare magte wat die geskiedenis bepaal, en hoe daaragter werk een van die groot magsverskuiwinge en algemene lewensveranderinge wat van tyd tot tyd die gelaat van die mensewêreld vernuut.

**AANPASSING**

So begin die gevoel ons oormeester dat ons onsself moet inrig vir 'n lewensvernuwing in aanpassing by die komende wêreldverandering of vir ondergang in die voortwoelende stormgety.

Verder blyk dit baie duidelik dat hierdie heraanpassing nie net 'n saak



Prof. L. J. du Plessis.

is van elkeen vir homself nie, selfs nie net van die Afrikanerdom as geheel nie, maar van die hele Suid-Afrika, met groot-Afrika in die agtergrond, en van die hele Westerse beskawing waartoe ons behoort.

In hierdie besef verdwyn die verskille tussen mede-Afrikaners tot nietigheid en word selfs die Afrikaanssprekende en Engelssprekende Suid-Afrikaners tot mekaar aangetrek, omdat hulle bymekaar hoort in die lotsgemeenskap van Suid-Afrika wat in die huidige wêreldwending die wedersydse ankers en verskilpunte van hulle ou betekenis beroof.

**Dit word daarom nou nodig dat ons bymekaar kom, dat ons alle verdelende woorde en eiebelang opsyskuif en onsself afvra wat die veilige koers vir ons gemeenskap as geheel is, om so goed moontlik deur die storms van die tyd af te kan stuur op ons gemeenskaplike lotsbestemming.** Want daardie bestemming tog is die rede en regverdiging en versekering van ons bestaan as 'n afsonderlike gemeenskap. Laat ons dit dan probeer doen en hierby nie oor woorde struikel nie, maar deurdring tot die werklikhede, die fundamentele werklikhede van ons volkslewe in Suid-Afrika.

**WAARHEDE**

Hierdie werklikhede is inderdaad eenvoudige groot waarhede, eenvoudig soos alle groot waarhede, maar desnieteenstaande uiters moeilik om altyd helder voor oë te hou en standvastig na te streef. Verder, omdat hulle so groot en so eenvoudig is, sal hulle geslagte en selfs eeue neem om ten volle verwesenlik te word, hoewel ons waarskynlik nou 'n tydperk sal beleef van vinnige verandering, en, soos ons hoop, vinnige vordering.

Oor hierdie grondwaarhede van ons volksbestaan kan daar inderdaad nie belangrike meningsverskil wees onder alle Afrikaners en alle Suid-Afrikaners wat hulle toekoms wil vereenselwig met die Afrikanerdom nie.

**Want hulle is vasgeanker in ons volksverlede en is die onveranderlike grondpilare van ons toekomsstaat, tensy die geskiedenis totnogtoe 'n sinsbedrog was of 'n misgewas. Maar in die loop van die geskiedenis neem hulle steeds vollediger vorm aan; en om hulle reg te sien moet ons ons nie op die verlede of die hede blindstaar nie, maar uit die verlede deur die hede uitkyk na die toekoms.**

As ons dan in die bouwerk van ons geskiedenis van die begin af tot nou toe die fondamentstene van ons toekomsstaat probeer naspeur, dan vind ons agtereenvolgens die volgende:

Die eerste volksplanting was ongetwyfeld in die eerste plek Protestants-Christelik en in die tweede plek Wes-Europees-blank, of andersom.

Daarna het dit hom vereenselwig met Suid-Afrika en in die proses 'n Afrikaanse karakter aangeneem.

Sover het die agtiende eeu gevorder, en die negentiende eeu het as fondamentstene neergelê: blanke voogdyskap oor gekleurdes, selfstandige republikeinse staatsvorming en omvorming van die oorspronklike landbou-ekonomie deur die ontwikkeling van handel en nywerheid.

In die twintigste eeu word dan op laasgenoemde voortgebou deur die volle aanvaarding van die moderne tegniese ekonomie en kultuur en dan begin Suid-Afrika as eenheid al hierdie erfstukke selfstandig te ontwikkel en aan te pas aan sy eie toekoms.

Terwyl totnogtoe gevorder is onder leiding van en grotendeels in reaksie teen vreemde imperialisme, eers Hollands, toe Engels, neem Suid-Afrika nou sy lot in eie hande en begin hy selfstandig vir sy toekoms die fondamentstene neer te lê van 'n nasionale kultuur, 'n sosiale ekonomie en 'n volksverenigende politiek.

**GRONDSLAE**

Kort opgesom, kan ons dus die volgende vaste grondslae onderskei vir ons bouwerk van die toekoms:

(1) 'n Moderne Protestants-Christelik-Suid-Afrikaanse kultuur op Afrikaanse grondslag, met ruimte vir ander godsdienstige opvattinge en vir inlywing van die Engels-Suid-Afrikaanse kultuur.

(2) Handhawing van die blanke ras as leiersgroep in Afrika met voogdyskap oor die inheemse gekleurdes en geleentheid in volle selfverwesenliking van hulle verskillende gemeenskappe.


(3) Blywende aansluiting by die Westerse beskawing volgens die vereistes van ons saamhorigheid sowel as ons selfstandigheid, met vermyding van alle eensydigheid.

(4) Moderne welvaartsekonomie met nadruk op die arbeidswelsyn van die volk en die bevolking as geheel, met nasionalisering en uiteindelike neutralisering van die kapitalisme.

(5) Die vorming van 'n selfstandige Suid-Afrikaanse eenheidstaat, geskik om bogenoemde doeleindes te verwesenlik, met oplossing van die stryd tussen parlementarisme, republikanisme en planregering.

**Dat ons oor hierdie of soortgelyke grondslae vir ons bouwerk van die toekoms eens kan word, sodra ons afsien van ons kunsmatige, tydelike verdeeldhede en ons toespits op historiese vastighede en toekomsnoodsaaklikhede, blyk o.a. uit die pas-gepubliseerde laaste boodskap van genl. Hertzog waarin hy as gemeenskaplike toekomsbeginsels, afgesien van alle party-politieke tydelikhede, die volgende opsom: Herskepping op Christelike en Suid-Afrikaans-nasionale grondslag ,met aanpassing aan die opvatting van die Afrikanervolk, maar in sy volle Westerse verband, en bevordering van sosiale volkswelvaart in 'n republikeinse gesagstaat.**

# Politieke Slagoffers van 'n Partybewind



**Hoofkommandant prof. dr. H. G. Stoker van Potchefstroom. Sonder aanklag of verhoor weggeruk na Koffiefontein-kamp. Na 'n lang tydperk van internering uit die kamp gelaat en vir etlike maande onder plaasarres ver van sy tuiste. Tans weer werksaam as hoogleraar aan die Potchefstroomse Universiteitskollege.**

**„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die stryd verlaat nie, en nie aan die vyand uitlewer nie".**




NEEM TOE IN POPULARITEIT




IN 'N VERANDERENDE WÊRELD
Kommando -SIGARETTE
ROND OF OVAAL
WAARDE VIR GELD
BH2274

Laat die Erwe van die Vaders, vir die Kinders Erwe bly:
Belê u geld in vaste eiendom, en verseker u toekoms. Wil u 'n plaas koop, of verkoop? Bel of skryf ons dadelik
HUURGELD IS BLOEDGELD
Wees die trotse besitter van u eie huis. Ons sal u sê hoe:
Wesrand Eiendoms Verkopings (Edms.) Beperk
Posbus 46, Foon 62-1764.
MARAISBURG

W. VOIGT (Eiens.) Bpk.
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiingsmasjinerie.
Bus 10, .. HUGENOOT, K.P

AANKONDIGING !!
SPRINGBOK MEUBELS
Die Huis- en Kantoor-Meubeleerders
OPEN
VANAF 1 FEBRUARIE
'n tak te
Jan Phillipsgebou,
Lady-Greystraat,
PAARL.
(Voorheen: Van Schaiks)
Rig navrae aan:
Victoriaweg 171, Woodstock.

Brosjures wat O B.-Rigting Vertolk.
AANBOD AAN KOMMANDO'S
Op bestellings van 10 of meer van die volgende uitgawes wat die O.B.-rigting vertolk, word aan kommando's 'n korting van 15 persent toegestaan.
Die Stryd van die Afrikanerwerker (Dr. P. J. Meyer) .. 2/6 elk
Die Oplossing van die Naturellevraagstuk in Suid-Afrika (Drs. Van Eden, Coertse en Language) ........ 1/6 „
Die Vooraand van ons Vrywording (Dr. P. J. Meyer) .... 1/- „
Demokrasie of Volkstaat? (Dr. P. J. Meyer) ........ 9d. „
Arbeidsordening binne die Volksbeweging en Volkstaat (Dr. P. J. Meyer) .................. 9d. „
Bestel van Amptelike Verspreiders:
PUBLICITÉ HANDELSREKLAMEDIENS (EDMS.) BEPERK,
Posbus 4892 — Spoorbondkasgebou 507 — JOHANNESBURG.

